12 April 2020

FAMILIE TUISBLAD

Johannes 20:1-18

ons storie

Baie keer hoor ons mense gebruik die uitdrukking: “Ek is keel vol!” Dink 'n bietjie na wat is die goed waaroor mense oor die algemeen keel vol raak.
Maak 'n lys daarvan en kyk ook hoeveel van die goed is waar van julle eie gesin. Dalk is dit wêreldwye goed of net ons land of dalk jou omgewing of skool of kerk of in julle huis of selfs met mekaar.

ons nuwe storie

Die Here neem ook die goed waaroor ons keel vol is weg.
Praat nou deur die lys van goed wat julle by “ons storie” geskryf het deur en kyk hoe die opstanding van Jesus ook ons leeg maak van die negatiewe

GOD se storie

Die heel eerste teken dat hier iets radikaal verander het, was die klip wat weggerol was.
Die tweede teken was die graf wat leeg was. Dit was sleg en negatief was kom neem God weg. Hy maak leeg dit wat vol is van sleg en dood en hartseer. Die liggaam van Jesus het 'n simbool geraak van alles wat sleg is, maar God kom neem dit weg inteendeel hy kom verander dit in positiwiteit en lewe.

Rituele en gewoontes

Vir baie mense eindig 'n vas met hierdie dag. Besluit dat die vas van positief wees dws julle negatiwiteit nou ook sal eindig.
Skryf elkeen een ding neer waaroor julle gaan positief wees. Dalk is dit 'n skoolvak of onderwyser of kollega of jou eie gesondheid.
Verbind julle dan om in die Paastyd net positief te bly oor die sake wat julle neergeskryf het!